

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 21.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

31 Mei 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is 'n voorreg om na só 'n lang tyd weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENS VANOGGEND: Dr. Petrus Venter

Eerste erediens (Dag van verootmoediging)

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Rigters 15

Teks: Rigters 15:16-19

SING VOORAF: Ps. 36:3

TYDENS EREDIENS: Ps.48:4; Ps. 51:2; Ps. 25:1,5;
Ps. 42:3,7

Preekskets:

As ons op hierdie dag ons voor die Here verootmoedig dan het dit alles daarmee te make dat ons van onself minder sal dink en van God baie meer sal dink. Dit gaan om Sy grootheid en Sy heerlijkheid.

Dis waar ons vandag ook uit die Here se Woord uit Rigters 15 gelees het. Simson het deur twee direk opeenvolgende fases deur sy lewe gegaan, ja dit sou baie tragies gewees het as alles by fase 1 gestop het, of soos ons in die tyd nou al daaraan gewoon moes raak, dinge gaan deur verskillende vlakke.

Dit sou tragies gewees het as Simson by vlak 1 stilgestaan het.

Vlak 1 is waar Simson nie in ootmoed voor die Here staan nie, maar in oormoed.

Vlak 2 is waar hy ook moes kom by ware ootmoed.

REGSTREEKSE UITSENDING

Ons erediens sal ook vandag (en voortaan?) regstreeks by wyse van elektronika uitgesaai word. Ons sal poog by die aanvang van die diens die skakel deur verskillende platforms deur te gee waar u by die lewendige uitsending kan inskakel. So kan daar landwyd (eintlik wêreldwyd!) by ons bediening in Postmasburg ingeskakel word.

LEERPREDIKING (Sondag 6)

(Regstreeks elektronies 18h00)

Preektema: Die Verlosser word bely!

Skriflesing: Lukas 24:13-32

Teks: Lukas 24:13-15

SING: Ps. 145:11, 12

Ons gaan poog voortaan hierdie verkondiging vanuit ons leer Sondae vanaf 18h00 regstreeks uit die pastorie te laat plaasvind. Ons sal kort voor die aanvang van die diens die skakel om daarop in te skakel aan u deurgee.

Klankopnames sal ook na die uitsendings steeds deurgegee word.

BEVESTIGING DR. VE d'ASSONVILLE

Dr. Victor d'Assonville se bevestiging en intrepreek sal DV volgende naweek 6&7 Junie 2020 plaasvind. Ons sal in die week die nadere reëlings by wyse van ons WhatsApp groep van gemeente bevestig.

Saterdag 14h30 (Klassis-contracta vergadering) By Kerkgebou

Saterdag 15h00 (Erediens en bevestiging) By Kerkgebou.

Ná erediens 'n klein ontvangs: Daar sal nie 'n groot ontvangs plaasvind nie, aangesien daar slegs 50 mense teenwoordig mag wees. By Soetfontein By Kerkgebou is ons getalle ook beperk tot 50 mense. Almal sal asb. moet aanduiding gee wie Saterdag en Sondag teenwoordig wil wees.

Sondag 9h30 Dr. D'Assonville lewer intrepreek

NAGMAAL

Die Kerkraad het besluit dat die viering van die heilige Nagmaal in die gemeente DV Sondag 14 Junie 2020 sal plaasvind. Ons voorbereiding sal dan saamval met die naweek waarop dr. D'Assonville bevestig sal word.

KOLLEKTES


Vandag: 31 Mei 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Emeritaatsversorging**

Sondag: 7 Junie 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Teologiese Studentekas**

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

Vandag – 31 Mei 2020: Wyk 2

- **Ouderling:** Br Arthur Williams
- **Diaken:** Br Lourens Pretorius
- **Wyksusters:** Sr Annelie Williams

Volgende week – 7 Junie 2020: Wyk 3

- **Ouderling:** Br Andre Erasmus
- **Diaken:** Br Viljoen van der Walt
- **Wyksusters:** Sr Lientjie van der Walt

MEELEWING

- Oudl. Jan Schoeman is nog in Bloemfontein. Ons dink aan hom in die rehabilitasie wat hy moet deurgaen en ook aan sr Magdalena en geliefdes in wat hulle saam met hom moet deurgaen en hom ook moet bystaan. Die pad na herstel is deur verskeie spesialiste as 'n baie moeilike pad voorgehou en dra by tot groot kommer in wat vir almal voorlê.
- Diak. Ferdie Nel se pa het ons verneem het weer terugslag in sy gesondheid gehad. Hy en sy geliefdes bly ook in ons gebede.
- Hartlike gelukwense aan br en sr James en Janika Johnston vir wie daar in hierdie week 'n dogtertjie (Anika) gebore is. Mag sy vir haar ouers en grootouers en agter-grootouers tot ryke seën en vreugde dien.

VERJAARSDAE

Maandag	1 Junie	Marthie Geldenhuys
Vrydag	5 Junie	Wessel v/d Vyver
Saterdag	6 Junie	Hanré Strauss
Maandag	8 Junie	Janet Coetzee

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons dink aan hierdie gemeente en vertrou as tye nog weer meer na normaal kan teruggaan ons hulp en konsulent bediening ook weer daar meer konkreet sal word.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Ons versoek die ouers om waar al die werk aan hulle beskikbaar is op ons webwerf dat hulle met hulle kinders die werk sal behandel en dat die katkisasie gewoon voortgaan. U kan dit alles by bogenoemde skakel aflaai. Ook die Psalmsang wat ons poog elke weksoggend deur te gee bied ook geleentheid dat die kinders ook die Psalms hoor en kan die inhoud daarvan met hulle gedeel en verduidelik word. Ons wil graag deur die Psalms hiermee gaan. Soos die huidige reëlings onder vlak 3 deur kerke in die pandemie-tyd geïnterpreteer word, sal kerklike kategese eers later moet hervat ...

KERKKANTOOR

Kerkkantoor is in die tyd van inperking meestal gesluit gewees. U kan wel vir sr Koos rondom administrasie en finansies op haar selfoon kontak by 082 821 2736. Haar e-pos aan huis is admin@gksa-postmasburg.co.za As daar reëlings getref moet word vir inbetalings by die Kerkkantoor versoek ons dat u haar kontak om dit te finaliseer.

Ons aanvaar die kantoor sal so gou moontlik weer met normale ure begin funksioneer.

DORKAS- SUSTERS

Daar is in hierdie noodtyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

BYBELSTUDIE

Ons is in hierdie tyd besig met Bybelstudies/oordenkings wat elektronies geluister en bestudeer kan word. Ons werk in besonder met die boek Rut. Ons aanvaar die medium gee in alle geval vir meer van ons lidmate toegang tot verdere bestudering van die Skrif en gaan ons poog dit op die wyse voort te sit.

KALENDER (JAARBEPLANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie <https://bit.ly/2W9sNWb>

U kan bloot die lêertjie as aanhangsel in 'n epos vir uself aanstuur. As u dan die lêer vanuit u epos oopmaak het u die funksie om dit in u elektroniese kalender af te laai en dan het u al die belangrike datums in u kalender ook afgelaai.

GLOmedia TV

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. Dr. Venter is ook om die beurt 'n deelnemer op die program. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>. Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna. gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Wyk 8 en wyk 9 is die volgende twee maande op die predikant se huisbesoek-beplanning. Hy sal so gou moontlik met u wil skakel dat die huisbesoeke kan voortgaan.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Die datum vir volgende normale Kerkraadsvergadering is op die kalender aangedui vir 19 Aug. 2020. Dringende vergaderings wat moontlik tussen-in moet plaasvind sal by wyse van elektronika kan geskied.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 (Tans buite werking)

Kerkkantoor ure: (Tans gesluit)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	
Bydrae: Sustentatie GKSA	
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za